


# AKTIEWE SKIETER

AfriForum

# Aktiewe skieter

Al hoe meer aktiewe skietvoorvalle vind internasionaal plaas en die risiko is werklik. Om nou 'n paar maatreëls te tref, kan jou help om vinnig te reageer wanneer elke sekonde tel. In Suid-Afrika word vuurwapens deur streng wette gereguleer, maar jy moet altyd voorberei vir die ergste.

'n Aktiewe skieter is 'n individu wat betrokke is in 'n poging om mense dood te maak in 'n beperkte spasie of bevolkte area. Aktiewe skieters gebruik gewoonlik vuurwapens en het 'n patroon van hoe hulle hul slagoffers kies. Dit kan enige tyd enige plek gebeur.

## Wanneer jy betrokke is in 'n aktiewe skietvoorval:

- Indien jy iets sien, sê iets.
- Voor jy hardloop, weet waar die uitgange is.
- Kry 'n plek om weg te kruip.
- Leer noodhulpvaardighede aan sodat jy ander kan help.
- Help wetstoepassers.
- Soek hulp om trauma die hoof te bied.

**Hardloop**



**Kruip weg**



**Veg**



## Hoe om veilig te bly as 'n aktiewe skieter dreig:

### Berei nou voor

- As jy verdagte aktiwiteite opmerk, laat die owerhede of jou AfriForum-buurtwag dadelik weet.
- Onderskeie plekke, soos jou skool, werkplek of kerk kan planne in plek hê om jou te help om veilig te reageer. Vra oor die planne en raak vertroud daarmee. Indien jy in 'n aktiewe skietoefening deelneem, vertel jou familie wat jy geleer het en hoe om dit op ander plekke toe te pas.
- Wanneer jy 'n gebou besoek soos 'n winkelsentrum, gesondheidsorgfasiliteit of enige openbare fasiliteit, neem tyd om twee nabygeleë uitgange te identifiseer. Kweek die gewoonte aan om dit te doen.

- Beplan waar jy kan wegkruip. In kamers sonder vensters, agter soliede deure met slotte, onder lessenaars, of agter swaar meubels soos 'n groot liasseerkabinet kan goeie wegkruipplekke wees.
- Skryf in vir noodhulpopleiding. Leer hoe om ander te help.

## Oorleef gedurende

- **Hardloop:** Om weg te kom van die skieter of skieters is die hoogste prioriteit. Los jou goed en hardloop weg. Indien dit veilig is, waarsku ander wat naby is. Bel die owerhede en AfriForum se buurtwag wanneer jy veilig is. Beskryf elke skieter, hulle ligging en wapens.
- **Kruip weg:** As jy nie veilig kan wegkom nie, kry 'n plek waar jy kan wegkruip. Kom uit die skieters se gesig en bly doodstil. Maak jou elektroniese toestelle stil en maak seker hulle vibreer ook nie. Sluit en blokkeer die deure, maak die blinders toe en skakel die ligte af. Moenie in groepe wegkruip nie – sprei uit langs die mure en kruip apart weg om dit moeiliker te maak vir die skieter. Probeer om stilletjies met die polisie of jou AfriForum-buurtwag te kommunikeer – soos deur teksboodskappe of om 'n teken in 'n buitenste venster te plaas. Bly waar jy is tot wetstoepassers jou inlig dat alle onmiddellike gevaar uit die weg geruim is.
- **Veg:** As jy in onmiddellike gevaar verkeer, is die laaste uitweg om jouself te verdedig. Verbind jou tot jou aksies en tree aggressief op om die skieter te stop. Om die skieter in 'n hinderlaag te lei met noodwapens soos stoele, brandblussers, skêre en boeke kan die skieter se aandag aflei en hom/haar ontwapen.

## Wees veilig ná die tyd

- Hou jou hande sigbaar en leeg wanneer jy beweeg.
- Weet dat wetstoepassers se eerste taak is om die voorval te beëindig. Hulle mag miskien by beseerde persone langs die pad verbybeweeg.
- Volg wetstoepassers se instruksie en ontruim in die rigting wat hulle aandui, terwyl jy jou hande sigbaar en leeg bokant jou kop hou.
- Oorweeg dit om professionele hulp vir jou en jou familie te kry om die langtermynuitwerking van trauma te hanteer. AfriForum het 'n trauma-eenheid wat jou kan help.

